

26 Februarie

Skrifgedeelte: Kolossense 1:15-29
Fokusgedeelte: Kolossense 1:15, 20

Dit is Hý

Wie is dié Jesus wat na ons wêreld gekom het? Wat gepreek en wonders gedoen het, maar ook aan die kruis gesterf en opgestaan het? Paulus gebruik 'n vroeë Christelike lied om 'n antwoord op die vrae te gee. In die lied word gesing oor Christus se voorrang in die skepping (vs 15-17) en oor sy voorrang in verlossing (vs 18-20).

Oor Christus se voorrang in die skepping word dit baie duidelik dat ons in Hom met God self te doen het: Hy is die beeld van God (vs 15), God woon met sy volle wese in Hom (vs 19), Hy was voor alles daar (vs17) en alles is deur Hom en vir Hom geskep (vs 16). Flitse van sy heerlikheid en mag sien ons in sy wonderdade en gesagvolle optrede.

Dan sing die lied oor Christus se voorrang in verlossing. Dit is juis Hý wat gekom het en gely en gesterf het aan die kruis. Deur “die bloed van sy Seun aan die kruis” (vs 20) het God versoening bewerkstellig en die vrede herstel.

Sing: Skrifberyming 7-1:1

Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)